

# OFFISIËLE KOERANT


VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.



10c      Maandag, 2 Desember 1968      WINDHOEK      Monday, 2 December 1968      No. 2946

## INHOUD

## CONTENTS

*Bladsy/Page*

### PROKLAMASIES:

No. 80 Munisipaliteit van Omaruru: Herbepaling van Grense . . . . .

### PROCLAMATIONS

Municipality of Omaruru: Redefinition of Boundaries 1849

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

No. 179 Munisipaliteit van Grootfontein: Voorgestelde Herbepaling van Grense . . . . .

### GOVERNMENT NOTICES:

Municipality of Grootfontein: Proposed Redefinition of Boundaries . . . . . 1850

No. 189 Munisipaliteit van Swakopmund: Reglement van Orde . . . . .

Municipality of Swakopmund: Rules of Order . . . 1851

No. 190 Munisipaliteit van Okahandja: Reglement van Orde . . . . .

Municipality of Okahandja: Rules of Order . . . 1863

No. 191 Administrasiewerknemersregulasies: Wysiging . . . . .

Administration Employees Regulations: Amendment 1875

No. 192 Onderhoudstoelaes aan Raadslede . . . . .

Subsistence Allowance to Councillors . . . . . 1875

No. 193 Maksimum Pryse van Steenkool . . . . .

Maximum Prices of Coal . . . . . 1876

No. 194 Posregulasies 1961: Wysiging . . . . .

Postal Regulations, 1961: Amendment . . . . . 1876

No. 2045 (Republiek) Ongewenste Publikasies en Voorwerpe — Lys No. A. 84 . . . . .

(Republic) Undesirable, Publications and Objects — List No. A. 84 . . . . . 1880

No. 2046 (Republiek) Ongewenste Publikasies en Voorwerpe — Wysiging van Lys . . . . .

(Republic) Undesirable Publications and Objections — Amendment of List . . . . . 1881

No. 2047 (Republiek) Onbetaamlike, Onweloweglike en Aanstootlike Goedere — Lys No. B. 79 . . . . .

(Republic) Indecent, Obscene and Objectionable Goods — List No. B. 79 . . . . . 1881

No. R.2051 (Republiek) Staatsdiensregulasies: Wysiging . . . . .

(Republic) Public Service Regulations: Amendment . 1881

No. 2081 (Republiek) Administrateur van Suidwes-Afrika: Aanstelling as . . . . .

(Republic) Administrator of South West Africa: Appointment as . . . . . 1882

No. 2082 (Republiek) S.A. Verpleegstersraad: Aanstelling van Lid . . . . .

(Republic) S.A. Nursing Council: Appointment of Member . . . . . 1882

No. 2089 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Reëls (No. DAR/12) . . . . .

(Republic Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Rules (No. DAR/12) . . . . . 1882

No. R.2091 (Republiek) Frankeerregulasies 1958: Intrekking van . . . . .

(Republic) Franking Regulations, 1958: Withdrawal of 1883

No. R.2092 (Republiek) Versameling van Finansiële Statistieke ten opsigte van Myne en Bedrywe: Regulasies . . . . .

(Republic) Collection of Financial Statistics relating to Mines and Works: Regulations . . . . . 1883

No. R.2112 (Republiek) Regulasies Betreffende die Invoer, Verkoop en Gebruik van Opium en ander Gewoontevormende Medisyne . . . . .

(Republic) Regulations regarding the Importation, Sale and Use of Opium and Other Habit-forming Drugs 1885

No. 2120	(Republiek) S.A. Mediese en Tandheelkundige Raad: Verbetering van Goewermentskennisgewing 2049 van 8 November 1968 . . . . .	(Republic) S.A. Medical and Dental Council: Correction of Government Notice 2049 of 8 November, 1968 . . . . .	1885
No. R.2123	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/173) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/173) . . . . .	1886
No. R.2124	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/174) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/174) . . . . .	1887
No. R.2125	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/175) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/175) . . . . .	1887
No. R.2126	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/161) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/161) . . . . .	1888
No. R.2127	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Reëls (No. DAR/13) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Rules (No. DAR/13) . . . . .	1888
No. R.2128	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Regulasies (No. MR/20) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Regulations (No. MR/20) . . . . .	1889
No. R.2130	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Wysiging van Reëls . . . . .	(Republic) S.A. Medical and Dental Council: Amendment of Rules . . . . .	1889

**ALGEMENE KENNISGEWINGS:**

No. 237	Mynwese: Toekenning van Alleenregte . . . . .
No. 238	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Outjo . . . . .
No. 239	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Omaruru . . . . .
No. 240	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Warmbad . . . . .
No. 241	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Windhoek . . . . .
No. 242	Mynwese: Toekenning van Alleenregte . . . . .
No. 243	Mynwese: Toekenning van Alleenregte . . . . .
No. 244	Mynwese: Grond oop vir die Afpenning van Kleims: Distrik Gobabis . . . . .
No. 245	Persoon onbekwaam verklaar om 'n Wapen en Ammunisie te besit . . . . .
No. 246	Munisipaliteit van Swakopmund: Verkiesingsuitgawes . . . . .
No. 247	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Omaruru . . . . .
No. 248	Mynwese: Verlenging van Prospekteertoekening . . . . .
No. 759	(Republiek) Bouverenigingsopgawe — September 1968 . . . . .

**ADVERTENSIES:**

Boedelkennisgewings ens. . . . .
----------------------------------

**GENERAL NOTICES:**

Mines: Granting of Exclusive Rights . . . . .	1890
Mines: Withdrawal from Pegging: District Outjo . . . . .	1890
Mines: Withdrawal from Pegging: District Omaruru . . . . .	1890
Mines: Withdrawal from Pegging: District Warmbad . . . . .	1890
Mines: Withdrawal from Pegging: District Windhoek . . . . .	1891
Mines: Granting of Exclusive Rights . . . . .	1891
Mines: Granting of Exclusive Rights . . . . .	1891
Mines: Ground open for the Pegging of Claims: District Gobabis . . . . .	1891
Person declared unfit to possess Arms and Ammunition . . . . .	1891
Municipality of Swakopmund: Election Expenditure . . . . .	1892
Mines: Withdrawal from Pegging: District Omaruru . . . . .	1892
Mines: Extension of Prospecting Grant . . . . .	1892
(Republic) Building Societies Return — September, 1968 . . . . .	1893

**ADVERTISEMENTS:**

Estate Notices etc. . . . .	1894
-----------------------------	------

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No 80 van 1968.]

Nademaal dit wenslik is om die grense van die Munisipaliteit van Omaruru opnuut te bepaal;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen by artikel 7 (1) (b) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, hierby proklameer en bekend maak dat die Munisipale gebied van Omaruru die gebied beslaan soos bepaal in die bylae hiervan.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 15de dag van November 1968.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

**BYLAE.**

Van die noordwestelike hoekbaken van die plaas Gedeelte B van Omaruru-dorp en -dorpsgrond 85 gemeenskaplik met die plase Ovimbarra 127, Lindholm 63 en Kompaneno-Süd 59, almal in Registrasie-afdeling C, noordooswaarts langs die grens van genoemde Gedeelte B van Omaruru-dorp en -dorpsgrond 85, sodat dit in die gebied ingesluit word, tot by die baken F op kaart A. 161/31 van laasgenoemde plaas; vandaar suid-ooswaarts in 'n reguit lyn tot by die baken W op laasgenoemde kaart; vandaar suidooswaarts langs die grens van genoemde Gedeelte B van Omaruru-dorp en -dorpsgrond 85, sodat dit in die gebied ingesluit word, tot by die punt waar dit by die oostelike grens van die Spoorwegreserwe aansluit; vandaar noordwaarts langs genoemde oostelike grens van die Spoorwegreserwe tot by die punt waar dit die verlenging suid-ooswaarts van die noordoostelike grens van Gedeelte 5 (Okapehaha) van die plaas Gedeelte B van Omaruru-dorp en -dorpsgrond 85 sny; vandaar noordweswaarts langs genoemde verlenging en noordoostelike grens van genoemde Gedeelte 5, sodat dit van die gebied uitgesluit word, tot waar dit by die linkeroewer van die Omarururivier aansluit; vandaar weswaarts langs genoemde linkeroewer van die Omarururivier tot by die baken J' op genoemde kaart A. 161/31 van Gedeelte B van Omaruru-dorp en -dorpsgrond 85; vandaar noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die genoemde noordwestelike hoekbaken van die plaas Gedeelte B van Omaruru-dorp en -dorpsgrond 85, synde die aanvangspunt.

**PROCLAMATION**

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 80 of 1968.]

Whereas it is desirable to define the boundaries of the Municipality of Omaruru anew;

Now therefore under and by virtue of the powers in me vested by section 7 (1) (b) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, I hereby proclaim and make known that the municipal area of Omaruru shall comprise the area as defined in the schedule hereto.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 15th day of November 1968.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*

**SCHEDULE.**

From the north-west corner beacon of the farm Portion B of Omaruru Town and Townlands 85, common to the farms Ovimbarra 127, Lindholm 63 and Kompaneno-Süd 59, all in Registration Division C, north-eastwards along the boundary of the said Portion B of Omaruru Town and Townlands 85, so as to include it in the area, to the beacon lettered F on diagram A. 161/31 of the last-mentioned farm; thence south-eastwards in a straight line to the beacon lettered W on the aforementioned diagram; thence south-eastwards along the boundary of the aforementioned Portion B of Omaruru Town and Townlands 85, so as to include it in the area, to the point where it meets the eastern boundary of the Railway Reserve; thence northwards along the said eastern boundary of the Railway Reserve to the point where it is intersected by the prolongation south-eastwards of the north-eastern boundary of Portion 5 (Okapehaha) of the farm Portion B of Omaruru Town and Townlands 85; thence north-westwards along the said prolongation and north-eastern boundary of the said Portion 5, so as to exclude it from the area, to where it meets the left bank of the Omaruru River; thence westwards along the said left bank of the Omaruru River to the beacon lettered J' on the aforesaid diagram A. 161/31 of Portion B of Omaruru Town and Townlands 85; thence north-westwards in a straight line to the aforementioned northwest corner beacon of the farm Portion B of Omaruru Townlands 85, being the point of beginning.

## Goewermentskennisgewings.

## Government Notices.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 179.]

[15 November 1968

Ingevolge die bepalings van artikel 12 van die Municipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) word kennis hierby gegee dat die Administrateur voornemens is om die bevoegdheid hom verleen by artikel 7 (1) (b) van genoemde ordonnansie soos volg uit te oefen:—

Die grense van die gebied van die Munisipaliteit van Grootfontein opnuut te bepaal soos beskryf in die bylae hieronder.

Indien daar binne een maand na die datum van die laaste publikasie van hierdie kennisgewing geen voldoende rede aangevoer word waarom die bevoegdheid wat na voorneme uitgeoefen gaan word, nie uitgeoefen behoort te word nie, sal die Administrateur sodanige bevoegdheid uitoefen:

### BYLAE.

Van die westelike hoekbaken van die plaas Hangover 773 (die baken synde die gemeenskaplike baken vir Hangover 773, Erf 126, Dorp Grootfontein, en Restant van Grootfontein dorpsgrond 814) suidwaarts langs die grense van, maar uitsluitende die plase Hangover 773, Krantzfontein 753, Akerbau 3 en Gedeelte A van Herrenhausen 597 tot by die noordoostelike hoekbaken van Gedeelte 1 van Gedeelte A van die plaas Grootfontein-dorpsgrond 754; vandaar suidweswaarts langs die grens van, maar uitsluitende laasgenoemde eiendom, tot by die noordwestelike hoekbaken daarvan; vandaar noordweswaarts langs die grense van maar uitsluitende die plase Tiefwasser 376, Highlands 600, Alamak 619 en Canopus 629 tot by die noordoostelike hoekbaken van laasgenoemde plaas; vandaar noordooswaarts langs die grens van, maar uitsluitende die Resant van blok 648 tot by die noordoostelike hoekbaken van Gedeelte B van Grootfontein dorpsgrond 754; vandaar noordweswaarts langs die grens van, maar uitsluitende die Restant van blok 648 tot by die noordwestelike hoekbaken van Gedeelte A van Grootfontein-dorpsgrond 754; vandaar noordooswaarts langs die grens van, maar uitsluitende die Otavi—Grootfontein-spoorwegreserwe tot by die verste noordelike hoekbaken van Erf 248, Dorp Grootfontein; vandaar noordweswaarts langs die grens van Erf 249, Dorp Grootfontein, tot by die noordwestelike hoekbaken van laasgenoemde erf; vandaar suidweswaarts langs die grens van Erf 42, Dorp Grootfontein, tot by die suidwestelike hoekbaken van laasgenoemde erf; vandaar noordweswaarts langs die grens van genoemde Erf 42, Dorp Grootfontein, tot by die suidoostelike hoekbaken van Gedeelte 2 van die plaas Grootfontein-dorpsgrond 814; vandaar suidweswaarts langs die grense van en insluitende die volgende eiendomme: Gedeelte 2 van Grootfontein-dorpsgrond 814, Restant van Grootfontein-dorpsgrond 814, Gedeelte 10 van Grootfontein-dorpsgrond 814, gedeelte 11 ('n gedeelte van Gedeelte D) van Grootfontein-dorpsgrond 754 en Gedeelte 9 van Grootfontein-dorpsgrond 814 tot by die suidwestelike hoekbaken van laasgenoemde eiendom; vandaar noordweswaarts langs

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 179.]

[15 November 1968

In terms of the provisions of section 12 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) notice is hereby given that the Administrator intends to exercise the power conferred upon him by section 7 (1) (b) of the said ordinance as follows:—

To redefine the boundaries of the area of the Municipality of Grootfontein as described in the schedule below.

If, within one month after the date of the last publication of this notice, no sufficient cause be shown why the power proposed to be exercised, shall not be exercised, the Administrator intends exercising such power.

### SCHEDULE.

From the western corner beacon of the farm Hangover 773 (the beacon being common to Hangover 773, Erf 126, Grootfontein Township, and Remainder of Grootfontein Townlands 814) southwards along the boundaries of, but excluding the farms Hangover 773, Krantzfontein 753, Akerbau 3 and Portion A of Herrenhausen 597 to the north-east corner beacon of Portion 1 of Portion A of the farm Grootfontein Townlands 754; thence southwards along the boundary of, but excluding the last-mentioned property, to its north-western corner beacon; thence north-westwards along the boundaries of, but excluding the farms Tiefwasser 376, Highlands 600, Alamak 619 and Canopus 629, to the north-eastern corner beacon of the last-mentioned farm; thence north-eastwards along the boundary of, but excluding the Remainder of Block 648, to the north-eastern corner beacon of Portion B of Grootfontein Townlands 754; thence north-westwards along the boundary of, but excluding the Remainder of Block 648, to the north-western corner beacon of Portion A of Grootfontein Townlands 754; thence north-eastwards along the boundary of, but excluding the Otavi—Grootfontein Railway Reserve to the northernmost corner beacon of Erf 248, Grootfontein Township; thence north-westwards along the boundary of Erf 249, Grootfontein Township, to the north-western corner beacon of the last-mentioned erf; thence south-westwards along the boundary of Erf 42, Grootfontein Township, to the south-western corner beacon of the last-mentioned erf; thence north-westwards along the boundary of said Erf 42, Grootfontein Township, to the south-eastern corner beacon of Portion 2 of the farm Grootfontein Townlands 814; thence south-westwards along the boundaries of and to include the following properties: Portion 2 of Grootfontein Townlands 814, Remainder of Grootfontein Townlands 814, Portion 10 of Grootfontein Townlands 814, Portion 11 (a portion of Portion D) of Grootfontein Townlands 754 and Portion 9 of Grootfontein Townlands 814 to the south-western corner beacon of the last-mentioned property; thence north-westwards along the

die grense van, maar uitsluitende die volgende eiendomme: Restant van die plaas Raeburn 789; Gedeelte 1 van die plaas Raeburn 789 en Restant van blok 648 tot by die verste oostelike hoekbaken van die plaas Seiderap 817; vandaar noordooswaarts langs die grense van, maar uitsluitende Restant van blok 648 en die gekonsolideerde plaas Feldmanshoek 818 tot by die verste oostelike hoekbaken van laasgenoemde plaas; vandaar suidweswaarts langs die grens van en insluitende Restant van Grootfontein-dorpsgrond 814 tot by die westelike hoekbaken van die plaas Hangover 773, synde die aanvangspunt.

boundaries of, but excluding the following properties: Remainder of the farm Raeburn 789, Portion 1 of the farm Raeburn 789, and Remainder of Block 648 to the easternmost corner beacon of the farm Seiderap 817; thence north-eastwards along the boundaries of, but excluding Remainder of Block 648 and the consolidated farm Feldmanshoek 818 to the easternmost corner beacon of the last-mentioned farm; thence south-westwards along the boundary of and to include Remainder of Grootfontein Townlands 814 to the western corner beacon of the farm Hangover 773, being the point of beginning.

No. 189.]

[2 Desember 1968

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 155 gelees met artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande regulasies van die Munisipaliteit van Swakopmund.

## MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND.

## REGLEMENT VAN ORDE.

## A. ALGEMENE BEPALINGS:

## 1. KENNISGEWING VAN VERGADERING:

1.1 Daar moet minstens agt-en-veertig (48) uur voordat 'n vergadering van die Raad of van 'n komitee van die Raad plaasvind, kennisgewing wat deur die stadsklerk uitgereik is, en waarin die sake uiteengesit word wat op die vergadering behandel sal word, aan iedere lid van die Raad of van 'n komitee besorg of by sy besigheids- of by sy woonadres afelewer word. Elke raadslid moet sodanige adres skriftelik aan die stadsklerk verstrek.

1.2 *Versuim om kennisgewing te besorg:*

Indien daar nie 'n kennisgewing aan 'n raadslid besorg is nie, doen dit geensins afbreuk aan die geldigheid van 'n vergadering nie.

1.3 *Kennisgewing van voortsettingsvergadering:*

Indien 'n vergadering verdaag word, moet daar 'n kennisgewing van die voortsettingsvergadering ingevolge die bepaling van subreël 1.1 van die reglement van orde uitgestuur word, tensy 'n eenparige besluit geneem word wat die uur en datum van sodanige verdaagde vergadering bepaal.

## 2. OPKOMSREGISTER:

2.1 Elke lid van die Raad wat 'n vergadering van die Raad of van 'n komitee van die Raad bywoon, moet sy naam teken in die opkomsregister wat vir die doel aangehou word.

2.2 Die opkomsregister moet hoogstens vyf minute na die bepaalde aanvangstyd van die vergadering, en nadat die aanwesige raadslede dit geteken het, aan die voorsitter voorgeleë word sodat hy kan bepaal of daar 'n kworum is.

## 3. KWORUM:

3.1 *Kworum van die Raad:*

Die kworum vir 'n raadsvergadering is vyf (5) raadslede, waar die Raad uit nege (9) lede bestaan en vier (4) lede waar die Raad uit sewe (7) lede bestaan.

3.2 *Kworum van die Bestuurskomitee:*

'n Kworum vir vergaderings van die Bestuurskomitee, as die komitee uit vyf lede bestaan, is drie en as dit be-

No. 189.]

[2 December 1968

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 155 read in conjunction with section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following regulations of the Municipality of Swakopmund.

## MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND.

## RULES OF ORDER.

## A. GENERAL PROVISIONS:

## 1. NOTICE OF MEETING:

1.1 At least forty-eight (48) hours before any meeting of the Council or of a committee of the Council, a notice to attend the meeting, specifying the business proposed to be transacted thereat shall be issued by the town clerk to each member of the Council or of any of its committees or shall be left or delivered at the place of abode or business of such councillor. Every councillor shall inform the town clerk in writing of such address.

1.2 *Want of proper notice:*

Want of service of the notice of a meeting on any councillor shall not affect the validity of the meeting concerned.

1.3 *Notice of adjourned meetings:*

Whenever a meeting has been adjourned, notice shall be given of the adjourned meeting in terms of subrule 1.1 of these rules of order unless a unanimous decision has been taken of the hour and date of such adjourned meeting.

## 2. ATTENDANCE REGISTER:

2.1 Every member of the Council who attends a meeting of the Council or of a committee of the Council, shall sign his name in an attendance register which shall be kept for this purpose.

2.2 The attendance register shall be laid before the chairman of the meeting after all councillors present have signed their names therein, but within five minutes of the time determined for the commencement of the meeting, in order to allow the chairman to determine whether a quorum of the meeting is present.

## 3. QUORUM:

3.1 *Quorum for the Council:*

A quorum at a meeting of the Council shall be five (5) councillors where the Council consists of nine (9) members and four (4) where the Council consists of seven (7) members.

3.2 *Quorum for the Management Committee:*

The quorum at meetings of the Management Committee shall be three where the Management Committee consists of five members; and if the Management Commit-

staan uit drie of vier lede, is twee raadslede 'n kworum.

### 3.3 *Kworum van raadgewende komitees:*

'n Kworum vir raadgewende komitees, waar die komitees bestaan uit 'n gelyke aantal raadslede, is die helfte van daardie aantal; en, as die komitee bestaan uit in ongelyke getal, die helfte van dié getal plus een (1).

3.4.1 Indien geen kworum aanwesig is nie mag daar nie met die sake van die vergadering voortgegaan word nie.

3.4.2 Indien daar vyf minute na die bepaalde tyd van 'n vergadering nog geen kworum aanwesig is nie, kan die aanwesige raadslede met 'n meerderheidstem besluit om nog hoogstens tien minute te wag ten einde 'n kworum te probeer kry.

3.4.3 Indien 'n besluit genoem in subreël 3.4.2 nie geneem word nie, moet die voorsitter die raadslede teenwoordig versoek om te besluit op die plek waarheen en die tyd waarna die vergadering verdaag word.

3.4.4 Indien die aanwesige raadslede nie die besluit neem waarvoor in subreël 3.4.3 voorsiening gemaak word nie, moet die voorsitter die vergadering verdaag en die tyd en plek van die verdaagde vergadering bepaal.

### 3.5 *Telling en verdaging indien daar geen kworum is nie:*

Indien die aandag van die voorsitter gedurende 'n vergadering op die getal aanwesige lede gevestig word, moet hulle getel word, en indien daar gevind word dat daar nie 'n kworum is nie, mag daar nie met die vergadering voortgegaan word nie. Die aanwesige lede kan met 'n meerderheidstem besluit om die vergadering tot op 'n gerieflike tyd of dag te verdaag. As daar nie aldus besluit word nie, moet die vergadering verdaag tot op 'n tydstip wat die voorsitter bepaal.

## 4. VERDAGING VAN VERGADERING:

4.1 'n Vergadering kan tot op 'n ander dag of uur verdaag word maar by die voortsettingsvergadering mag daar geen ander sake bespreek word as dié wat vervat is in die kennisgewing van die vergadering waarvan dit die voortsetting is nie.

4.2 'n Vergadering moet ook verdaag word wanneer daar ingevolge subreël 3.5 bevind word dat die vereiste kworum nie aanwesig is nie.

4.3 Die voorsitter kan 'n vergadering verdaag indien dit vir hom voorkom asof verdere voortsetting daarvan ongewens is vanweë ontoepaslikheid of verstoring van die orde.

## 5. AGENDAS VAN DIE RAAD:

5.1 Die Raad oorweeg alle sake van beginsel wat binne die bevoegdhede val wat deur enige wet aan 'n stadsraad opgedra is.

5.2 Die agenda van 'n gewone vergadering van die Raad bevat min of meer die volgende sake, sover moontlik in daardie orde:

- Verkieping van voorsitter en ampsdraers (indien nodig);
- Bekragtiging van die korrektheid van notules van vorige vergaderings;
- Aansoek om afwesigheidsverlof van raadslede;
- Amptelike aankondigings, verklarings en mededelingen waarvan kennis gegee is of wat deur die burgemeester gedoen word sonder kennisgewing: Met dien verstande dat dit nie bespreek word of as 'n mosie aanvaar word nie;
- Onderhoude met afvaardigings of persone wat ontbied of versoek is om die vergadering by te woon;

tee consists of three or four members, a quorum shall be two councillors.

### 3.3. *Quorum for advisory committees:*

The quorum for advisory committees, where such committees consist of an equal number of councillors, shall be one half of the membership of the committee; and, when the committee consists of an odd number of councillors, of one half of the number of councillors on the committee plus one.

3.4.1 If no quorum is present at the meeting, the business of the meeting may not be proceeded with.

3.4.2 If, at the expiration of five minutes after the hour at which any meeting is appointed to be held, a quorum has not assembled, the councillors present may decide by majority vote to allow further time, not exceeding ten minutes, for an attempt to obtain a quorum.

3.4.3 If no decision is taken in terms of subrule 3.4.2, the chairman shall request the members present to decide on the place and time to which the meeting is to be adjourned.

3.4.4 If the councillors present fail to take the decision provided for in subrule 3.4.3, the chairman shall adjourn the meeting to a time and place determined by him.

### 3.5 *Count out:*

If, during the sitting of any meeting, the attention of the chairman is called to the number of members present, those present shall be counted and, if it is found that a quorum is no longer maintained the meeting shall not be proceeded with. The members present may, by majority vote, resolve to adjourn the meeting to a more convenient time or day. If no such decision is taken, the meeting shall stand adjourned until a time to be determined by the chairman.

## 4. ADJOURNMENT OF MEETING:

4.1 A meeting may be adjourned until another day or hour, provided that no matter is discussed at the continuation of such meeting which did not appear in the notice of the original meeting.

4.2 A meeting shall be adjourned when it is found, in terms of subrule 3.5, that the required quorum is not present.

4.3 The chairman may adjourn a meeting if he deems the continuation thereof to be undesirable on account of irrelevancies or of a disturbance of the order.

## 5. AGENDAS OF THE COUNCIL:

5.1. The Council shall consider all matters of principle falling within the powers granted by any law to a town council.

5.2 The agenda of an ordinary meeting of the Council shall contain more or less the following matters, as far as possible in the same order:

- Election of chairman and office bearers (if necessary);
- Confirmation of the correctness of minutes of previous meetings;
- Applications by councillors for leave of absence;
- Official announcements, declarations and communications of which notice has been given or which are made by the mayor without notice: Provided that it shall not be discussed or be adopted as a motion;
- Interviews with deputations or persons summoned or requested to attend the meeting;

Petisies en versoekskrifte;  
 Mosies van raadslede;  
 Verslag van die Bestuurskomitee;  
 Besondere aanbevelings van die Bestuurskomitee;  
 Verslae en aanbevelings van adviserende komitees oor beleidsake;  
 Konsep-regulasies en tariewe;  
 Verslae van departementshoofde oor beleidsake;  
 Ander beleidsake wat onder die aandag van die Raad gebring moet word.

5.3 Die agenda van enige buitengewone raadsvergadering moet slegs die beleidsaspek van die aangeleentheid wat bespreek word, bevat.

## 6. NOTULE:

6.1.1 Die notule van die werksaamhede van elke vergadering moet opgestel en gedruk of getik word en die voorsitter moet dit na goedkeuring onderteken. Die goedkeuring van die notule van 'n spesiale raadsvergadering kan verkry word by die volgende gewone raadsvergadering.

6.1.2 Die bekragtiging van die korrektheid van die notule van enige vergadering, waar sodanige notule in geheel of gedeeltelik vir oorweging en aanvaarding aan die Raad voorgelê word, word tydens die raadsvergadering gedoen deur die lede van sodanige vergadering wat by die vergadering aanwesig was. (Sien 6.3)

6.1.3 Indien daar nie 'n kworum van die betrokke komitee by die raadsvergadering aanwesig is om sy notule te bekragtig nie en daar is vooraf geen besware teen die korrektheid van die notule ingebring nie, aanvaar die Raad die notule vir bekragtiging.

6.1.4 Nadat die korrektheid van die notule bekragtig is deur die genoemde lede, word dit vir bespreking en aanvaarding aan die Raad opgedra en enige raadslid het dan die reg om oor enige punt in die notule te praat en 'n voorstel in verband daarmee te maak.

6.1.5 Enige aanbeveling wat op hierdie wyse deur die Raad aanvaar word, is 'n besluit van die Raad of dit in oorspronklike of gewysigde vorm is.

### 6.2 Notule moet gelees word:

By elke vergadering moet die notule van die vorige vergadering, wat nog nie goedgekeur is nie, eers gelees word en, indien dit in orde is, moet die voorsitter dit onderteken. Die notule van die vorige vergadering word as gelees beskou as dit 24 uur voor die vergadering waarop dit goedgekeur word, ter insae van al die lede gelê het, en die vergadering dit eenparig aanvaar as gelees.

### 6.3 Bespreking van die notule:

Daar mag geen mosie oor die notule ingedien of bespreking daarvoor gevoer word nie behalwe vir sover dit die juistheid daarvan betref en enige beswaar op grond hiervan, uitgesonderd ondergeskikte wysigings wat die vergadering goedkeur, moet minstens vier-en-twintig uur voor die vergadering skriftelik by die stadsklerk ingedien word, vir voorlegging aan die vergadering met die opmerkings van die stadsklerk.

### 6.4 Inligting wat genotuleer moet word:

Enige inligting wat aan die vergadering verstrekkend word en wat betrekking het op die bevoegdheids of die gebrek aan bevoegdheids van die vergadering moet in die notule opgeneem word, asook enige sake wat ingevolge die bepalinge van die Munisipale Ordonnansie in die notule aangeteken moet word.

### 6.5 Beskikbaarheid van notule en verslae:

Die notule van alle vergaderings van die Raad moet te alle redelike tye beskikbaar wees aan enige raadslid,

Petitions;  
 Motions of councillors;  
 Report of the Management Committee;  
 Particular recommendations of the Management Committee;  
 Reports and recommendations of advisory committees in connection with matters of policy;  
 Draft regulations and tariffs;  
 Reports by heads of departments on matters of policy;  
 Other matters of policy to be brought to the notice of the Council.

5.3 The agenda of any extraordinary Council meeting shall relate only to the policy aspect of the matter to be discussed.

## 6. MINUTES:

6.1.1 The minutes of the proceedings of every meeting shall be drawn up, printed or typed and shall be signed by the chairman, after confirmation. Confirmation of the minutes of a special meeting of the Council may be obtained at the next ordinary meeting of the Council.

6.1.2 Confirmation of the correctness of the minutes of any meeting where such minutes are submitted in their entirety or in part for consideration and acceptance to the Council, shall be obtained at the meeting of the Council from such members of such meeting as were present at the meeting. (See 6.3).

6.1.3 If no quorum of the committee concerned is present at the Council meeting to confirm the minutes of the relevant committee, and if no objections regarding the correctness of the minutes have been lodged beforehand, the Council shall accept the minutes for confirmation.

6.1.4 After confirmation of the minutes by the members of the committee, such minutes shall be submitted to the Council for discussion and acceptance, and any councillor may be heard on any matter contained therein and may make a proposal in connection therewith.

6.1.5 Any recommendation accepted in this manner by the Council shall be a resolution of the Council whether in original or in amended form.

### 6.2 Minutes to be read:

At every meeting the minutes of the previous meeting, which have not yet been approved, shall first be read and if they are in order, they shall be signed by the chairman. The minutes of the previous meeting shall be taken as read if they are open to inspection by all the members for twenty-four hours prior to the meeting at which they are approved and if the meeting accepts them unanimously as read.

### 6.3 Discussion of the minutes:

No motion on the minutes may be submitted, nor shall any discussions in regard thereto take place, save as far as the correctness thereof is concerned, and any objection on the grounds thereof, except minor alterations approved by the meeting, shall be submitted in writing to the town clerk at least twenty-four hours prior to the meeting for submission to the meeting together with the comments of the town clerk.

### 6.4 Information which shall be minuted:

Any information furnished to the meeting and which concerns the powers or lack of powers of the meeting shall be minuted, as well as any matters required to be minuted, in terms of the provisions of the Municipal Ordinance.

### 6.5 Availability of minutes and reports:

The minutes of all meetings of the Council shall at all reasonable times be available to any councillor, ratepayer

belastingbetaler of geregistreerde kieser en aan geregistreerde nuusblaaie of hulle verteenwoordigers.

*6.6 Lede mag nie verslae verstrek nie:*

Die stadsklerk is die gemagtigde persoon van wie belastingbetalers, kiesers en nuusblaaie notule en verslae ontvang en geen raadslid of ander amptenaar mag enige dokument aan sodanige persone of nuusblaaie verstrek, wat aan hom verskaf is met die doel dat die Raad of 'n komitee van die Raad dit moet oorweeg nie.

*6.7 Skorsing van lede wat dokumente openbaar maak:*

Die Raad kan vir 'n tydperk wat hy bepaal, 'n lid skors of uitsluit wat 'n dokument of stuk van die Raad, of die verrigtinge van 'n komitee van die Raad, of van die Raad-in-Komitee met betrekking tot grond of ander eiendom wat die Raad aanskaf of onteien (of geregtelike stappe of arbitrasieverrigtinge waarby die Raad betrokke is, of enige saak waarvan die publikasie of openbaarmaking die belange van die Raad sal of kan benadeel, publiseer of openbaar maak.

**B. REËLS VAN DEBAT:**

**7. MOSIES VAN LEDE WAARVAN KENNIS GEGEE IS:**

7.1 Daar moet skriftelik kennis gegee word van elke mosie en die lid wat kennis daarvan gee moet dit onderteken. Die mosie moet by die stadsklerk ingedien word minstens vier dae vóór die dag waarop die vergadering plaasvind en moet aangeteken word in 'n boek wat in die kantoor van die stadsklerk aangehou word en wat ter insae van iedere lid lê. Indien 'n kennisgewing van 'n mosie nie minstens vier volle dae voor die betrokke raadsvergadering ontvang is nie, mag dit nie in die kennisgewing van sodanige raadsvergadering aangegee word nie. Iedere mosie waarvan daar kennis gegee word, moet op 'n saak in verband met die administrasie of toestande in die Munisipaliteit betrekking hê en die beslissing van die voorsitter van die Raad oor die toepaslikheid van die mosie is afdoende.

*7.2 Getal mosies word beperk:*

Geen lid mag gelyktydig meer as vier mosies waarvan hy kennis gegee het op die agenda hê nie.

*7.3 Volgorde van kennisgewing:*

Al die mosies waarvan kennis gegee word, moet gedateer en genommer word al na hulle ontvang word en die stadsklerk moet hulle op die agenda plaas in die volgorde waarin hy hulle ontvang het, behalwe in die geval van 'n amendement van 'n mosie wat, afgesien van die tyd waarop daar kennis gegee is, onmiddellik ná die betrokke mosie ingeskryf moet word.

*7.4 Mosie ter herroeping:*

Geen mosie ter herroeping van 'n besluit wat gedurende die voorafgaande ses maande geneem is of van 'n mosie van dieselfde strekking as een wat binne die voorafgaande ses maande verwerp is, mag aan die orde gestel word nie, tensy kennis van so 'n mosie ter herroeping gegee is soos bepaal in subreël 7.1 en in die agenda opgeneem is. Sodanige mosie ter herroeping, waar dit van 'n lid van die Raad afkomstig is, of van die Bestuurskomitee as 'n aanbeveling wat nie eenparig is nie, word nie aanvaar nie tensy 'n meerderheid van driekwart van al die lede van die Raad ten gunste daarvan is. Indien 'n mosie ter wysiging egter van die Bestuurskomitee afkomstig is as 'n eenparige aanbeveling, is 'n gewone meerderheid van die hele Raad voldoende om die oorspronklike mosie te herroep.

*7.5 Onbestrede mosie:*

Die voorsitter moet, wanneer enige mosie waarvan kennis gegee is aan die orde kom, eers elkeen se nommer en die naam van die voorsteller daarvan uitlees ten einde

or registered voter and to registered newspapers or their representatives.

*6.6 Members shall not furnish reports:*

The town clerk shall be the authorised person from whom ratepayers, voters and newspapers receive minutes and reports and no councillor or other employee may furnish any documents which may have been furnished to him for the purpose of consideration by the Council or a committee of the Council, to such persons or newspapers.

*6.7 Suspension of members who disclose documents:*

The Council may for a period which it may determine, suspend or debar a member who publishes or discloses a document or matter of the Council, or the proceedings of a committee of the Council, or of the Council-in-committee in regard to land or other property which the Council acquires or expropriates, or legal steps or arbitration proceedings concerning the Council, or any matter of which the disclosure or publication may or will prejudice the interests of the Council.

**B. RULES OF DEBATE.**

**7. MOTIONS BY MEMBERS, OF WHICH NOTICE SHALL BE GIVEN:**

7.1 Every notice of motion shall be in writing and shall be signed by the mover. Such notice shall be given to the town clerk at least four days prior to the date of the meeting to which it relates and shall be entered in a book, to be kept by the town clerk, and such book shall be open to inspection by every member. Unless a notice of motion is received at least four clear days before the relevant meeting of the Council, it shall not be included in the notice of such Council meeting. Every notice of motion shall be relevant to some question affecting the administration or conditions in the Municipality and the ruling of the chairman of the Council on the relevance of such motion shall be final.

*7.2 Limitation of notices:*

No member shall have more than four notices of motion on the agenda paper at the same time.

*7.3 Order of notices:*

All notices of motion shall be dated and numbered as received and shall be placed on the agenda by the town clerk in the order in which such motions have been received, save that notice of an amendment of a motion shall be entered immediately after the original motion, irrespective of the time of receipt of such amendment.

*7.4 Motions to rescind:*

No motion to rescind any resolution which has been passed within the preceding six months nor any motion having the same meaning as a motion negated within the preceding six months, shall be considered unless notice thereof has been given as stipulated in subrule 7.1 and unless such motion has been included in the agenda. A motion to rescind, originating from a councillor or referred by the Management Committee to Council as a recommendation, which is not unanimous, shall not be adopted unless three-quarters of the full complement of the Council vote in favour thereof. In the case of a motion to amend which arises from the Management Committees as a unanimous recommendation, an ordinary majority of the full Council shall be sufficient to rescind the original motion resolution.

*7.5 Unopposed motions:*

In dealing with notices of motion, the chairman shall first of all read out the number of each motion and the name of the mover thereof so as to ascertain which mo-



vas te stel watter mosies onbestrede is en hulle moet dadelik aangeneem word. Die voorsitter moet dan die voorstellers aan die bestrede mosies elkeen op sy beurt aan die orde stel of, indien die raadslid wat die mosie ingedien het nie by die vergadering teenwoordig is nie, moet die voorsitter, indien die mosie 'n sekondant verg, die saak vir bespreking oopstel.

#### 7.6 Bestrede mosie:

Indien daar voor, of binne 'n uur na die aanvang van die vergadering by die stadsklerk 'n skriftelike kennisgewing ingedien word dat die mosie op die agenda bestry sal word, moet so 'n mosie as 'n bestrede saak beskou word en nie sonder bespreking aangeneem word nie.

#### 7.7 Onreëlmatige mosies:

Die voorsitter moet enige mosie waarvan kennis gegee is, verwerp indien dit strydig is met die reglement van orde, die regulasies of 'n wet of indien die inhoud daarvan reeds in die agenda vervat is.

#### 7.8 Vrae oor algemene prosedure:

Daar mag by 'n vergadering van die Raad vrae met betrekking tot die algemene werk of prosedure van die Raad gestel word, sonder kommentaar, onderhewig daaraan dat die voorsitter, indien hy dit nodig ag, beantwoording van die vrae tot 'n later geleentheid kan uitstel. Die voorsitter het die reg om die lid te versoek om sy vraag op skrif te stel en so 'n lid is geregtig op 'n skriftelike antwoord daarop.

#### 7.9 Mosies wat uitgawe meebring, moet na die bestuurskomitee verwys word:

'n Mosie (uitgesonderd 'n aanbeveling van die Bestuurskomitee) wat meebring dat die uitgawe of inkomste van die Raad toe- of afneem op 'n wyse waarvoor nie in die begroting voorsiening gemaak is nie, moet in die vorm wees van 'n verwysing na die Bestuurskomitee wat die saak moet oorweeg en wat die Raad daarvoor moet adviseer.

#### 7.10 Mosie van wantroue in die Bestuurskomitee:

Artikel 147 (3) (b) van die Munisipale Ordonnansie 1963 is ter sake.

7.10.1 Skriftelike kennisgewing aan die stadsklerk onderteken deur die voorsteller en sekondant van 'n mosie van wantroue in die Bestuurskomitee moet die redes vir so 'n mosie bevat. Die stadsklerk of die burgemeester moet die mosie en die redes wat daarvoor aangevoer word, uitlees by die volgende ope vergadering van die Raad. Die Raad oorweeg die mosie by die daaropvolgende ope raadsvergadering of by 'n ope raadsvergadering wat vir daardie doel belê word.

7.10.2 Word so 'n mosie van wantroue deur die Raad aanvaar, moet alle lede van die Bestuurskomitee bedank of word dit geag dat alle lede bedank het en moet die Raad onmiddellik 'n nuwe Bestuurskomitee kies. Niks verbied die Raad om enige lid of lede wat voorheen in die Bestuurskomitee gedien het, weer as lede van daardie komitee te kies nie.

### 8. MOSIES VAN ORDE:

Terwyl enige saak onder bespreking is mag geen verdere aangeleentheid wat nie daarmee saamhang bespreek word nie, met die uitsondering van die volgende ordemosies:—

- 8.1 Dat die vergadering nou verdaag.
- 8.2 Dat die debat nou opgeskort word.
- 8.3 Dat die debat gesluit word.
- 8.4 Dat daar na die volgende saak oorgegaan word.
- 8.5 Dat die saak terugverwys word na 'n komitee.

tions are unopposed and such unopposed motions shall be passed forthwith. The chairman shall thereafter call upon the movers of the opposed motions in the order of the agenda and in the event of any mover being absent from the meeting and a seconder being required, the chairman shall rule the matter open for discussion.

#### 7.6 Opposed motions:

Whenever a written notice of opposition to a motion appearing on the agenda has been lodged with the town clerk, before or within one hour after the commencement of the meeting, such motions shall be considered as opposed business and shall not be passed without discussion thereon.

#### 7.7 Irregular motions:

The chairman shall disallow any notice of motion contrary to the rules of order, the regulations or any law, or when the subject matter is already being dealt with in the agenda.

#### 7.8 Questions on general procedure:

At any meeting of the Council, questions relevant to the general work or procedure of the Council may be put without comment, provided that if deemed necessary by the chairman, replies to questions may be deferred for a later occasion. The chairman has the right to request any member to reduce his question to writing and such member shall be entitled to a written reply.

#### 7.9 Reference to Management Committee of motions affecting expenditure:

Any motion (other than a recommendation of the Management Committee) having the effect of either increasing or decreasing the expenditure or income of the Council in a manner not provided for in the estimates, shall be in the form of a reference to the Management Committee, which committee shall consider the matter and advise Council thereon.

#### 7.10 Vote of no-confidence in Management Committee: Section 147 (3) (b) of the Municipal Ordinance, 1963, refers.

7.10.1 Notice of a vote of no-confidence in the Management Committee, stating the grounds thereof, shall be in writing, signed by the mover and seconder and submitted to the town clerk. Either the town clerk or the mayor shall read out the motion and the reasons contained therein on occasion of the next open meeting of the Council. The Council shall then consider such motion at its next succeeding open Council meeting or at an open meeting convened for that purpose.

7.10.2 In the event of such motion of no-confidence being accepted by the Council, all members of the Management Committee shall resign; alternatively all members of the Management Committee shall be regarded as having resigned and the Council shall forthwith elect another Management Committee. Nothing herein contained shall debar the Council from re-electing any councillor who previously served as a member of the Management Committee to continue to serve in such capacity.

### 8. MOTIONS OF ORDER:

During discussion of any matter, no other matter inconsistent with the matter under discussion shall be raised save any of the following motions of order:

- 8.1 That the meeting do now adjourn.
- 8.2 That debate now be suspended.
- 8.3 That debate now be closed.
- 8.4 That the meeting do proceed to the next business.
- 8.5 That the item be referred back to a committee.

8.6 Sodra enige mosie van orde ingedien is, moet alle besprekings van die saak dadelik gestaak word en, indien daar 'n sekondant vir die ordemosie is, moet dit dadelik tot stemming gebring word.

*8.7 Ordemosies mag bespreek word:*

Indien die aandag van die voorsitter gedurende 'n vergadering op die getal aanwesige lede gevestig word, moet hulle getel word, en indien daar gevind word dat daar nie 'n kworum is nie mag daar nie met die vergadering voortgegaan word nie. Die aanwesige lede kan met 'n meerderheidstem besluit om die vergadering tot op 'n gerieflike tyd of dag te verdaag. As daar nie aldus besluit word nie, moet die vergadering verdaag tot op 'n tydstip wat die voorsitter bepaal.

#### 4. VERDAGING VAN VERGADERING:

4.1 'n Vergadering kan tot op 'n ander dag of uur verdaag word maar by die voortsettingsvergadering mag daar geen ander saak bespreek word as dié wat vervat is in die kennisgewing van die vergadering waarvan dit die voortsetting is nie.

4.2 'n Vergadering moet ook verdaag word wanneer daar ingevolge subreël 3.5 bevind word dat die vereiste kworum nie aanwesig is nie.

4.3 Die voorsitter kan 'n vergadering verdaag indien dit vir hom voorkom asof verdere voortsetting daarvan ongewens is vanweë ontoepaslikheid of verstoring van die orde.

#### 5. AGENDAS VAN DIE RAAD:

5.1 Die Raad oorweeg alle sake van beginsel wat binne die bevoegdhede val wat deur enige wet aan 'n stadsraad opgedra is.

5.2 Die agenda van 'n gewone vergadering van die Raad bevat in wese die volgende sake, sover moontlik in daardie orde:

Verkieping van voorsitter en ampsdraers (indien nodig);  
Bekragtiging van die korrektheid van notules van vorige vergaderings;  
Aansoeke om afwesigheidsverlof van raadslede;  
Amptelike aankondigings; verklarings en medelings waarvan kennis gegee is wat deur die burgemeester gedoen word sonder kennisgewing: Met dien verstande dat dit nie bespreek word of as 'n mosie aanvaar word nie;  
Onderhoude met afvaardigings of persone wat ontbied of versoek is om die vergadering by te woon;  
Petisies en versoekskrifte;  
Mosies van raadslede;  
Verslag van die Bestuurskomitee;  
Besondere aanbevelings van die Bestuurskomitee;  
Verslae van departementshoofde oor beleidsake;  
Verslae en aanbevelings van Adviserende Komitee oor beleidsake;  
Konsep-regulasies en tariewe;  
Ander beleidsake wat onder die aandag van die Raad gebring moet word.

3.4.2 If, at the expiration of five minutes after the hour at which any meeting is appointed to be held, a quorum has not assembled, the councillors present may decide by majority vote to allow further time, not exceeding ten minutes, for an attempt to obtain a quorum.

3.4.3 If no decision is taken in terms of subrule 3.4.2, the chairman shall request the members present to decide on the place and time to which the meeting is to be adjourned.

3.4.4 If the councillors present fail to take the decision provided for in subrule 3.4.3, the chairman shall adjourn the meeting to a time and place determined by him.

#### 3.5 Count out:

If, during the sitting of any meeting, the attention of the chairman is called to the number of members present, those present shall be counted and, if it is found that a quorum is no longer maintained the meeting shall not be proceeded with. The members present may, by majority vote, resolve to adjourn the meeting to a more convenient time or day. If no such decision is taken, the meeting shall stand adjourned until a time to be determined by the chairman.

#### 4. ADJOURNMENT OF MEETING:

4.1 A meeting may be adjourned until another day or hour, provided that no matter is discussed at the continuation of such meeting, which did not appear in the notice of the original meeting.

4.2 A meeting shall be adjourned when it is found, in terms of subrule 3.5, that the required quorum is not present.

4.3 The chairman may adjourn a meeting if he deems the continuation thereof to be undesirable on account of irrelevancies or of a disturbance of the order.

#### 5. AGENDAS OF THE COUNCIL:

5.1 The Council shall consider all matters of principle falling within the powers granted by any law to a town council.

5.2 The agenda of an ordinary meeting of the Council shall contain in substance the following matters, as far as possible in the same order:

Election of chairman and office bearers (if necessary);  
Confirmation of the correctness of minutes of previous meetings;  
Applications by councillors for leave of absence;  
Official announcements, declarations and communications of which notice has been given or which are made by the mayor without notice: Provided that it shall not be discussed or be adopted as a motion;  
Interviews with deputations or persons summoned or requested to attend the meeting;  
Petitions;  
Motions of councillors;  
Report of the Management Committee;  
Particular recommendations of the Management Committee;  
Reports of departmental heads on matters of policy;  
Reports and recommendations of Advisory Committee on matters of policy;  
Draft regulations and tariffs;  
Other matters of policy to be brought to the notice of the Council.

5.3 Die agenda van enige buitengewone raadsvergadering moet slegs die beleidsaspek van die aangeleentheid wat bespreek word, bevat.

## 6. NOTULE:

6.1.1 Die notule van die werksaamhede van elke vergadering moet opgestel en gedruk of getik word en die voorsitter moet dit na goedkeuring onderteken. Die goedkeuring van die notule van 'n spesiale raadsvergadering kan verkry word by die volgende gewone raadsvergadering.

6.1.2 Die bekragtiging van die korrektheid van die notule van enige vergadering, waar sodanige notule in geheel of gedeeltelik vir oorweging en aanvaarding aan die Raad voorgelê word, word tydens die raadsvergadering gedoen deur die lede van sodanige vergadering wat by die vergadering aanwesig was (Kyk 6.3)

6.1.3 Indien daar nie 'n kworum van die betrokke komitee by die raadsvergadering aanwesig is om sy notule te bekragtig nie, en daar is vooraf geen besware teen die korrektheid van die notule ingebring nie, aanvaar die Raad die notule vir bekragtiging.

6.1.4 Nadat die korrektheid van die notule bekragtig is deur die genoemde lede, word dit vir bespreking en aanvaarding aan die Raad opgedra en enige raadslid het dan die reg om oor enige punt in die notule te praat en 'n voorstel in verband daarmee te doen.

6.1.5 Enige aanbeveling wat op hierdie wyse deur die Raad aanvaar word, is 'n besluit van die Raad of dit nou al in oorspronklike of gewysigde vorm is.

### 6.2 Notule moet gelees word:

By elke vergadering moet die notule van die vorige vergadering wat nog nie goedgekeur is nie eers gelees word, en, indien dit in orde is, moet die voorsitter dit onderteken. Die notule van die vorige vergadering word as gelees beskou as dit 24 uur voor die vergadering waarop dit goedgekeur word, ter insae van al die lede gelê het, en die vergadering dit eenparig aanvaar as gelees.

### 6.3 Bespreking van die notule:

Daar mag geen mosie oor die notule ingedien of bespreking daarvoor gevoer word nie behalwe vir sover dit die juistheid daarvan betref en enige beswaar op grond hiervan, uitgesonderd ondergeskikte wysigings wat die vergadering goedkeur, moet minstens vier-en-twintig uur voor die vergadering skriftelik by die stadsklerk ingedien word, vir voorlegging aan die vergadering met die opmerkings van die stadsklerk.

### 6.4 Inligting wat genotuleer moet word:

Enige inligting wat aan die vergadering verstrek word en wat betrekking het op die bevoegdhede of die gebrek aan bevoegdhede van die vergadering moet in die notule opgeneem word, asook enige sake wat ingevolge die bepaling van die Munisipale Ordonnansie in die notule aangeteken moet word.

### 6.5 Beskikbaarheid van notule en verslae:

Die notule van alle vergaderings van die Raad moet ten alle redelike tye beskikbaar wees aan enige raadslid, belastingbetaler of geregistreeerde kieser en aan geregistreeerde nuusblaaiers of hulle verteenwoordigers.

### 6.6 Lede mag nie verslae verstrek nie:

Die stadsklerk is die gemagtigde persoon van wie belastingbetalers, kiesers en nuusblaaiers, notule en verslae ontvang en geen raadslid of ander amptenaar mag enige dokument aan sodanige persone of nuusblaaiers verstrek wat aan hulle verskaf is met die doel dat die Raad of 'n komitee van die Raad dit moet oorweeg nie.

5.3 The agenda of any extraordinary Council meeting shall relate only to the policy aspect of the matter to be discussed.

## 6. MINUTES:

6.1.1 The minutes of the proceedings of every meeting shall be drawn up, be printed or typed and shall be signed by the chairman after confirmation. Confirmation of the minutes of a special meeting of the Council may be obtained at the next ordinary meeting of the Council.

6.1.2 Confirmation of the correctness of the minutes of any meeting where such minutes are submitted in their entirety or in part for consideration and acceptance to the Council, shall be obtained at the meeting of the Council from such members of such meeting as were present at the meeting (see 6.3)

6.1.3 If no quorum of the committee concerned is present at the Council meeting to confirm the minutes of the relevant committee, and if no objections regarding the correctness of the minutes have been lodged beforehand, the Council shall accept the minutes for confirmation.

6.1.4 After confirmation of the minutes by the members of the committee, such minutes shall be submitted to the Council for discussion and acceptance, and any councillor may be heard on any matter contained therein and may make a proposal in connection therewith.

6.1.5 Any recommendation accepted in this manner by the Council shall be a resolution of the Council whether in original or in amended form.

### 6.2 Minutes to be read:

At every meeting the minutes of the previous meeting, which have not yet been approved, shall first be read and if they are in order, they shall be signed by the chairman. The minutes of the previous meeting shall be taken as read if they are open to inspection by all the members for twenty-four hours prior to the meeting at which they are approved and if the meeting accepts them unanimously as read.

### 6.3 Discussion of the minutes:

No motion on the minutes may be submitted, nor shall any discussion in regard thereto take place, save as far as the correctness thereof is concerned, and any objections on the grounds thereof, except minor alterations approved by the meeting, shall be submitted in writing to the town clerk at least twenty-four hours prior to the meeting for submission to the meeting together with the comments of the town clerk.

### 6.4 Information which shall be minuted:

Any information furnished to the meeting and which concerns the powers or lack of powers of the meeting shall be minuted, as well as any matters required to be minuted in terms of the provisions of the Municipal Ordinance.

### 6.5 Availability of minutes and reports:

The minutes of all meetings of the Council shall at all reasonable times be available to any councillor, ratepayer or registered voter and to registered newspapers or their representatives.

### 6.6 Members shall not furnish reports:

The town clerk shall be the authorised person from whom ratepayers, voters and newspapers receive minutes and reports and no councillor or other employee may furnish any documents which have been furnished to him for the purpose of consideration by the Council or a committee of the Council, to such persons or newspapers.

**6.7 Skorsing van lede wat dokumente openbaar maak:**

Die Raad kan vir 'n tydperk wat hy bepaal, 'n lid skors of uitsluit wat 'n dokument of stuk van die Raad, of die verrigtinge van 'n komitee van die Raad, of van die Raad-in-Komitee wat betrekking tot grond of ander eiendom wat die Raad aanskaf of onteien, of geregtelike stappe of arbitrasieverrigtinge waarby die Raad betrokke is, of enige saak waarvan die publikasie of openbaarmaking die belange van die Raad sal of kan benadeel, publiseer of openbaar maak.

**B. REËLS VAN DIE DEBAT:****7. MOSIES VAN LEDE, WAARVAN KENNIS GEGEE MOET WORD:**

**7.1** Daar moet skriftelik kennis gegee word van elke mosie en die lid wat kennis daarvan gee, moet dit onderteken. Die mosie moet by die stadsklerk ingedien word minstens vier dae vòòr die dag waarop die betrokke vergadering plaasvind en moet aangeteken word in 'n boek wat in die kantoor van die stadsklerk aangehou word en wat ter insae van iedere lid lê. Indien 'n kennisgewing van 'n mosie nie minstens vier volle dae voor die betrokke raadsvergadering ontvang is nie, mag dit nie in die kennisgewing van sodanige raadsvergadering aangegee word nie. Iedere mosie waarvan daar kennis gegee word, moet op 'n saak in verband met die administrasie van of toestand in die Munisipaliteit betrekking hê en die beslissing van die voorsitter van die Raad oor die toepaslikheid van die mosie is afdoende.

**7.2 Getal mosies word beperk:**

Geen lid mag gelyktydig meer as vier mosies waarvan hy kennis gegee het op die agenda hê nie.

**7.3 Volgorde van kennisgewing:**

Al die mosies waarvan daar kennis gegee word, moet gedateer en genommer word al na hulle ontvang word en die stadsklerk moet hulle op die agende plaas in die volgorde waarin hy hulle ontvang het, behalwe in die geval van 'n amendement van 'n mosie wat, afgesien van die tyd waarop daar kennis van gegee is, onmiddellik ná die betrokke mosie ingeskryf moet word.

**7.4 Mosie ter herroeping:**

Geen mosie ter herroeping van 'n besluit wat gedurende die voorafgaande ses maande geneem is of van 'n mosie van dieselfde strekking as een wat binne die voorafgaande ses maande verwerp is, mag aan die orde gestel word nie, tensy kennis van so 'n mosie ter herroeping gegee is soos bepaal in subreël 7.1 en in die agenda opgeneem is. Sodanige mosie ter herroeping, waar dit van 'n lid van die Raad afkomstig is, of van die Bestuurskomitee as 'n aanbeveling wat nie eenparig is nie, word nie aanvaar nie tensy 'n meerderheid van driekwart van al die lede van die Raad ten gunste daarvan is. Indien 'n mosie ter wysiging egter van die Bestuurskomitee afkomstig is as 'n eenparige aanbeveling, sal 'n gewone meerderheid van die hele Raad voldoende wees om die oorspronklike mosie te herroep.

**7.5 Onbestrede mosie:**

Die voorsitter moet, wanneer enige mosie waarvan kennis gegee is aan die orde kom, eers elkeen se nommer en die naam van die voorsteller daarvan uit lees ten einde vas te stel watter mosies onbestrede is en hulle moet dadelik aangeneem word. Die voorsitter moet dan die voorstellers van die bestrede mosies elkeen op sy beurt aan die orde stel of, indien die raadslid wat die mosie ingedien het nie by die vergadering teenwoordig is nie, moet die voorsitter, indien die mosie 'n sekondant verg, die saak vir bespreking oopstel.

**7.6 Bestrede mosie:**

Indien daar voor, of binne 'n uur na, die aanvang van die vergadering by die stadsklerk 'n skriftelike kennis-

**6.7 Suspension of members who disclose documents:**

The Council may for a period which it may determine, suspend or debar a member who publishes or discloses a document or matter of the Council, or the proceedings of a committee of the Council, or of the Council-in-Committee in regard to land or other property which the Council acquires or expropriates, or legal steps or arbitration proceedings concerning the Council, or any matter of which the disclosure or publication may or will prejudice the interests of the Council.

**B. RULES OF DEBATE:****7. MOTIONS BY MEMBERS, OF WHICH NOTICE SHALL BE GIVEN.**

**7.1** Every notice of motion shall be in writing and shall be signed by the mover. Such notice shall be given to the town clerk at least four days prior to the date of the meeting to which it relates and shall be entered in a book to be kept by the town clerk and such book shall be open to inspection by every member. Unless a notice of motion is received at least four clear days before the relevant meeting of the Council, it shall not be included in the notice of such Council meeting. Every notice of motion shall be relevant to some question affecting the administration of or conditions in the Municipality and the ruling of the chairman of the Council on the relevance of such motion shall be final.

**7.2 Limitation of notices:**

No member shall have more than four notices of motion on the agenda paper at the same time.

**7.3 Order of notices:**

All notices of motion shall be dated and numbered as received and shall be placed on the agenda by the town clerk in the order in which such motions have been received, save that notice of an amendment of a motion shall be entered immediately after the original motion, irrespective of the time of receipt of such amendment.

**7.4 Motion to rescind:**

No motion to rescind any resolution which has been passed within the preceding six months nor any motion having the same meaning as a motion negated within the preceding six months, shall be considered unless notice thereof has been given as stipulated in subrule 7.1 and unless such motion has been included in the agenda. A motion to rescind, originating from a councillor or referred by the Management Committee to Council as a recommendation, which is not unanimous shall not be adopted unless three-quarters of the full complement of the Council vote in favour thereof. In the case of a motion to amend which arises from the Management Committee as a unanimous recommendation, an ordinary majority of the full Council shall be sufficient to rescind the original motion resolution.

**7.5 Unopposed motion:**

In dealing with notices of motion, the chairman shall first of all read out the number of each motion and the name of the mover thereof so as to ascertain which motions are unopposed and such unopposed motions shall be passed forthwith. The chairman shall thereafter call upon the movers of the opposed motions in the order of the agenda and in the event of any mover being absent from the meeting and a seconder being required, the chairman shall rule the matter open for discussion.

**7.6 Opposed motion:**

Whenever a written notice of opposition to a motion appearing on the agenda has been lodged with the town

gewing ingedien word dat die mosie op die agende bestry sal word, moet so 'n mosie as 'n bestrede saak beskou word en nie sonder bespreking aangeneem word nie.

#### 7.7 *Onreëlmatige mosies:*

Die voorsitter moet enige mosie waarvan kennis gegee is, verwerp indien dit strydig is met die reglement van orde, die regulasies of 'n wet of indien die inhoud daarvan reeds in die agenda vervat is.

#### 7.8 *Vrae oor algemene prosedure:*

Daar mag by 'n vergadering van die Raad vrae met betrekking tot die algemene werk of prosedure van die Raad gestel word, sonder kommentaar, onderhewig daaraan dat die voorsitter, indien hy die nodig ag, beantwoording van die vrae tot 'n later geleentheid kan uitstel. Die voorsitter het die reg om die lid te versoek om sy vraag op skrif te stel en so 'n lid is geregtig op 'n skriftelike antwoord daarop.

#### 7.9 *Mosies wat uitgawe meebring, moet na die Bestuurskomitee verwys word:*

'n Mosie (uitgesonderd 'n aanbeveling van die Bestuurskomitee) wat sal meebring dat die uitgawe of inkomste van die Raad toe- of afneem op 'n wyse waarvoor nie in die begroting voorsiening gemaak is nie, moet in die vorm wees van 'n verwysing na die Bestuurskomitee wat die saak moet oorweeg en wat die Raad daarop moet adviseer.

#### 7.10 *Mosie van wantroue in die Bestuurskomitee:*

(Artikel 147 (3) (b) (iii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 het betrekking).

7.10.1 Skriftelike kennisgewing aan die stadsklerk, onderteken deur die voorsteller en sekondant, van 'n mosie van wantroue in die Bestuurskomitee moet die redes vir so 'n mosie bevat. Die stadsklerk of die burgemeester moet die mosie en die redes wat daarvoor aangevoer word, uitlees by die volgende ope vergadering van die Raad. Die Raad oorweeg die mosie by die daaropvolgende ope raadsvergadering of by 'n ope raadsvergadering wat vir daardie doel belê word.

7.10.2 Word so 'n mosie van wantroue deur die Raad aanvaar, moet alle lede van die Bestuurskomitee bedank of word daar geag dat alle lede bedank het en moet die Raad onmiddellik 'n nuwe bestuurskomitee kies. Niks verbied die Raad om enige lid of lede wat voorheen in die Bestuurskomitee gedien het weer as lede van daardie komitee te kies nie.

### 8. MOSIES VAN ORDE:

Terwyl enige saak onder bespreking is, mag geen verdere aangeleentheid wat nie daarmee saamhang, bespreek word nie, met die uitsondering van die volgende orde-mosies:—

- 8.1 Dat die vergadering nou verdaag.
- 8.2 Dat die debat nou opgeskort word.
- 8.3 Dat die debat gesluit word.
- 8.4 Dat daar na die volgende saak oorgegaan word.
- 8.5 Dat die saak terugverwys word na 'n komitee.
- 8.6 Sodra enige mosie van orde ingedien is, moet alle besprekings van die saak dadelik gestaak word en, indien daar 'n sekondant vir die orde-mosie is, moet dit dadelik tot stemming gebring word.

#### 8.7 *Ordemosies mag bespreek word:*

'n Ordemosie (wat nie skriftelik gestel hoef te word nie) wat nie gesekondeer word nie, verval. As so 'n mosie

clerk, before or within one hour after the commencement of the meeting, such motion shall be considered as opposed business and shall not be passed without discussion thereon.

#### 7.7 *Irregular motions:*

The chairman shall disallow any notice of a motion contrary to the rules of order, the regulations or any law, or when the subject matter is already being dealt within the agenda.

#### 7.8 *Questions on general procedure:*

At any meeting of the Council, questions relevant to the general work or procedure of the Council may be put without comment, provided that if deemed necessary by the chairman, replies to questions may be deferred for a later occasion. The chairman has the right to request any member to reduce his question to writing and such member shall be entitled to a written reply.

#### 7.9 *Reference to Management Committee of motions affecting expenditure:*

Any motion (other than a recommendation of the Management Committee) having the effect of either increasing or decreasing the expenditure or income of the Council in a manner not provided for in the estimates, shall be in the form of a reference to the Management Committee, which committee shall consider the matter and advise Council thereon.

#### 7.10 *Vote of no-confidence in Management Committee:* (Section 147 (3) (b) of the Municipal Ordinance, 1963, refers.)

7.10.1 Notice of a vote of no-confidence in the Management Committee, stating the grounds thereof, shall be in writing, signed by the mover and seconder and submitted to the town clerk. Either the town clerk or the mayor shall read out the motion and the reasons contained therein on occasion of the next open meeting of the Council. The Council shall then consider such motion at its next succeeding open Council meeting or at an open meeting convened for that purpose.

7.10.2 In the event of such motion being accepted by the Council, all members of the Management Committee shall resign; alternatively all members of the Management Committee shall be regarded as having resigned and the Council shall forthwith elect another Management Committee. Nothing herein contained shall debar the Council from re-electing any councillor who previously served as a member of the Management Committee to continue to serve in such capacity.

### 8. MOTIONS OF ORDER:

During discussion of any matter, no other matter inconsistent with the matter under discussion shall be raised save any of the following motions of order:—

- 8.1 That the meeting do now adjourn.
- 8.2 That the debate now be suspended.
- 8.3 That the debate now be closed.
- 8.4 That the meeting do proceed to the next business.
- 8.5 That the item be referred back to a committee.
- 8.6 Whenever a motion of order has been moved, discussion of the matter under consideration shall be discontinued forthwith and if a seconder for the motion of order has been forthcoming, such motion shall be put to the vote without delay.

#### 8.7 *Motions of order may be discussed:*

A motion of order (which need not be submitted in writing) shall lapse if not seconded. However, in the event

egter gesecondeer word, is die voorsteller daarvan geregtig om vir hoogstens vyf minute lank daarvoor te praat. Die sekondant mag dit net formeel sekondeer en mag nie daarvoor praat nie. Die voorsteller van enige saak of mosie wat onder bespreking was toe die ordemosie ingedien is, kan (met voorbehoud van sy reg om uiteindelik op die oorspronklike mosie repliek te lewer) vir hoogstens vyf minute repliek lewer op die ordemosie waarna daar sonder verdere bespreking oor die saak gestem moet word.

**8.8 Ordemosie: Dat die vergadering nou verdaag:**

Indien die mosie „dat die vergadering nou verdaag” aanvaar word, word die prosedure gevolg wat neergelê is in subreël 4.1. Geen lid mag meer as een mosie ter verdaging van die raadsvergadering by dieselfde sitting voorstel of sekondeer nie.

**8.9 Ordemosie: Opskorting van die debat:**

Indien die voorstel „dat die debat nou opgeskort word” aanvaar word, moet die bespreking by die volgende vergadering van die Raad hervat word, en die Raad moet die volgende saak op die agenda behandel. Wanneer so 'n opgeskorte debat hervat word, is die lid wat voorgestel het dat dit opgeskort moet word, geregtig om eerste te praat. Geen lid mag meer as een mosie ter opskorting van dieselfde debat voorstel of sekondeer nie.

**8.10 Ordemosie: Sluiting van debat:**

Wanneer 'n mosie „dat die debat gesluit word” aanvaar word, vervel daardie saak geheel en al. Geen lid mag meer as een mosie ter sluiting van die debat by dieselfde vergadering voorstel of sekondeer nie.

**8.11 Ordemosie: Dat daar na die volgende saak oorgegaan word:**

Indien hierdie ordemosie aanvaar word, vervel die saak wat onder bespreking was en gaan die Raad sonder verdere bespreking oor op die behandeling van die volgende punt.

**8.12 Ordemosie: Dat die saak terugverwys word:**

Indien 'n mosie ingevolge hierdie reël aanvaar word, moet die bespreking van die saak dadelik gestaak word en moet die Raad na die volgende saak oorgegaan en word die saak terugverwys na die bron daarvan.

**9. AMENDEMENT:**

**9.1 Amendement moet ter sake wees:**

Elke amendement moet betrekking hê op die mosie ten opsigte waarvan dit voorgestel word.

**9.2 Elke amendement moet skriftelik gestel, deur die voorsteller onderteken en aan die voorsitter of aan die stadsklerk oorhandig word.**

**9.3 Amendement moet uitgelees word:**

Elke amendement moet uitgelees word en daarna kan die voorsteller daarvoor praat.

**9.4 Amendement moet gesecondeer word:**

Afgesien van die verduideliking daarvan deur die voorsteller, mag die Raad 'n amendement nie bespreek of daarvoor stem alvorens dit gesecondeer is nie. Die voorsteller van 'n amendement kan sy sekondant benoem.

**9.5 Toesprake oor amendemente:**

'n Lid mag die Raad nie meer as een keer oor 'n amendement toespreek nie. Die voorsteller van 'n amendement wat, nadat dit aanvaar is, 'n substantiewe mosie geword het, is nie geregtig om 'n repliek te lewer nie. 'n Lid wat 'n amendement formeel gesecondeer het, moet later toegelaat word om daarvoor te praat.

of such motion being seconded, the mover thereof may speak thereon for not more than five minutes. A seconder may only formally second such motion and may not speak thereon. The mover of any matter or motion which was under discussion when the motion of order was introduced may (reserving his right of ultimate reply on the original motion) reply to the motion of order for not more than five minutes, whereafter the motion of order shall, without further discussion, be put to the vote.

**8.8 Motion of order: That the meeting do now adjourn:**

In the event of a motion to the effect that the meeting be adjourned, being accepted, the procedure laid down in subrule 4.1 shall be followed. No member shall introduce or second more than one motion for the adjournment of a Council meeting at any session thereof.

**8.9 Motion of order: Suspension of debate:**

In the event of the acceptance of a motion “that the debate be suspended”, discussion of the matter under consideration shall be resumed at the ensuing meeting of the Council and the Council shall proceed to the next item of the agenda. Whenever such a suspended debate is resumed, the member who moved that it be suspended, shall be entitled to speak thereon first. No member shall introduce or second more than one motion for the suspension of the same debate.

**8.10 Motion of order: Closure of debate:**

Whenever a motion “that the debate be closed” is accepted, the matter under consideration shall lapse completely. No member shall introduce, or second more than one motion for the closure of the debate at the same meeting.

**8.11 Motion of order: That the meeting do proceed to the next business:**

In the event of such motion being accepted, the matter under consideration shall lapse and without further discussion, Council shall proceed to consider the following item.

**8.12 Motion of order: That the matter be referred back:**

In the event of a motion in term of this rule being accepted, discussion of the matter under consideration shall cease forthwith and such matter shall be referred back to its origin whereafter Council shall proceed to the following item.

**9. AMENDMENTS:**

**9.1 Amendments to be to the point:**

Every amendment shall have a bearing on the motion in respect of which it is being introduced.

**9.2 Every amendment shall be in writing, signed by the mover and delivered either to the chairman or to the town clerk.**

**9.3 Amendment to be read out:**

Every amendment shall be read out and the mover may thereafter speak thereon.

**9.4 Amendment to be seconded:**

Apart from an explanation thereof by the mover, the Council shall not discuss an amendment or vote thereon until it has been seconded. The mover of an amendment may name his seconder.

**9.5 Speeches on amendments:**

A member of the Council shall not speak more than once on any amendment. The mover of an amendment which has become a substantive motion after acceptance, shall not have a right to reply. A member seconding a motion formally shall be permitted to speak thereon at a later stage.

**9.6 Verdere amendemente:**

Nadat 'n amendement op 'n oorspronklike mosie voorgestel en gesekondeer is, mag daar nie 'n tweede of 'n volgende amendement voorgestel word alvorens die eerste amendement afgehandel is nie. Indien die amendement goedgekeur word, vervang die mosie, soos gewysig, die oorspronklike mosie en alle verdere amendemente moet op die geamendeerde mosie voorgestel word.

**10. VERSOEKSKRIFTE:**

10.1 Raadslede kan versoekskrifte indien, maar mag nie 'n toespraak of kommentaar lewer wanneer die versoekskrif ingedien word nie en so 'n versoekskrif moet sonder verwyl na die Bestuurskomitee verwys word.

**11. AFVAARDIGINGS:****11.1 Memorandums:**

Afvaardigings wat wil hê dat die Raad hulle te woord moet staan, moet versoek word om eers 'n skriftelike memorandum in te dien, wat die stadsklerk aan die Raad of aan die Bestuurskomitee moet voorlê. Die voorsitter van die Raad of van die Bestuurskomitee moet besluit of die afvaardiging te woord gestaan moet word en of die saak ingevolge die gewone bevoegdhede van die betrokke vergadering afgehandel kan word. Indien die voorsitter van mening is dat die afvaardiging te woord gestaan moet word by die vergadering wat die memorandum oorweeg, word so 'n afvaardiging versoek om sy opwagting te maak.

**11.2 Hoe afvaardigings te woord gestaan word:**

'n Afvaardiging mag uit hoogstens vyf lede bestaan en slegs een lid daarvan kan die vergadering toespreek, behalwe wanneer vrae van raadslede beantwoord word. Die raad mag die saak nie verder behandel as om die saak aan te hoor en alle inligting in te win voordat die afvaardiging vertrek het nie.

**12. INDIENING VAN VERSLAE:**

12.1 Die voorsitter van enige komitee of in sy afwesigheid die onder-voorsitter of in sy afwesigheid enige lid van die komitee wat daarvoor deur die voorsitter van die Raad benoem word, moet die verslae van die betrokke komitee vir bespreking voorstel. So 'n mosie mag nie bespreek word nie en word ook mondelings ingedien. Die voorsteller van die mosie kan enige punt in die verslag mondelings toelig maar mag nie langer as vyf minute daarvoor praat nie. Die mosie word gesekondeer en daarna moet die voorsitter van die Raad die aanbevelings wat in die verslae vervat is die een na die ander aan die orde stel.

**12.2 Bespreking van 'n verslag:**

Behoudens die bepalings van subreël 12.1 van hierdie reglement kan enige afdeling van 'n verslag bespreek word.

**12.3 Verslae kan teruggetrek word:**

Die voorsitter van 'n komitee of 'n ander lid wat 'n verslag van daardie komitee by die Raad indien kan met die toestemming van minstens twee derdes van die getal aanwesige lede, wat sonder bespreking verleen moet word, enige deel van die verslag terugtrek vir latere bespreking.

**12.4 Indiening van verslae vir inligting:**

'n Verslag wat vir inligting ingedien is, kan bespreek word, maar enige verdere voorstelle, behalwe dat kennis van die saak geneem word, moet skriftelik ingedien word en kan dan eers by 'n latere vergadering afgehandel word en nie by die vergadering waarby die voorstel ingedien is nie.

**13. STEMMING:****13.1 Opsteek van hande:****9.6 Further Amendments:**

After having introduced and seconded an amendment to an original motion, a second or further amendment may not be introduced before disposal of the first amendment. In the event of the amendment being carried, the motion as amended, shall replace the original motion and all further amendments shall be introduced on the amended motion.

**10. PETITIONS:**

Councillors may submit petitions but shall not be permitted to deliver a speech or comment thereon when submitting such petition and the petition shall be referred to the Management Committee forthwith.

**11. DEPUTATIONS:****11.1 Memorandums:**

Deputations desirous of interviewing the Council shall be requested to submit a written memorandum which shall be submitted by the town clerk to the Council or to the Management Committee. The chairman of the Council or of the Management Committee shall decide whether the deputation shall be heard or whether the matter shall be disposed of in terms of the ordinary powers of the relevant meeting. Should the chairman be of the opinion that the deputation shall be heard by the meeting which considered the memorandum, such deputation shall be requested to be present at the meeting.

**11.2 Manner of interviewing deputations:**

Any deputation shall consist of not more than five members and only one member thereof shall be permitted to address a meeting except when questions put by councillors are to be answered. Council shall not give further consideration to the matter before the departure of the deputation save as to obtain all relevant information concerning the matter.

**12. SUBMISSION OF REPORTS:**

12.1 The chairman of any committee, or in his absence the deputy chairman, or in his absence any member of the committee, appointed for this purpose by the chairman of the Council shall move that the report of the relevant committee be open for discussion. Such motion may not be discussed and shall be introduced orally. The mover of such motion may explain any item of the report but shall not speak longer than five minutes on such matter. After having secured a seconder for such motion, the chairman of the Council shall submit the recommendations contained in the report in succession for approval.

**12.2 Discussion of report:**

Any section of a report may be discussed save as provided in subrule 12.1 of these rules of order.

**12.3 Withdrawal of reports:**

The chairman of a committee or any other member thereof submitting to the Council a report of such committee may with the consent of at least two-thirds of the members present withdraw any section of the report, which consent shall be given without debate, for subsequent discussion.

**12.4 Submission of reports for information:**

A report submitted for information may be discussed. However, any other proposals, except that the matter be noted, shall be submitted in writing and shall be disposed of at a future meeting and not at the meeting at which the proposal was submitted.

**13. VOTING:****13.1 Show of hands:**

Stemming geskied normaalweg deur die opsteek van hande en die uitslag van die telling word deur die voorsitter afgekondig.

### 13.2 *Hoofdelike stemming:*

Indien enige lid die beslissing deur die opsteek van hande in twyfel trek, versoek die voorsitter alle lede wat ten gunste is van die mosie waarvoor gestem word om uit hulle sitplekke op te staan. Nadat hulle name afgeneem is, versoek die voorsitter die lede wat daarteen is om op te staan. Nadat hulle name afgeneem is, kondig die voorsitter af wie vir die mosie gestem het en wie daarteen en of die mosie aangeneem of verwerp is.

### 13.3 *Stemming per briefie:*

Indien enige lede daarop aandrang, moet stemming per geslote stembriefie plaasvind. Die stemming word deur die voorsitter en die stadsklerk nagegaan en getel en die voorsitter kondig die uitslag af.

### 13.4 *Beslissende stem:*

Ingeval van 'n staking van stemme, het die voorsitter van die vergadering 'n tweede of beslissende stem.

### 13.5 *Notulering van teenstemme.*

Enige raadslid wat gestem het vir 'n verslane mosie het die reg om onmiddellik te versoek dat sy stem teen die mosie in die notule aangeteken word en sodanige teenstem moet dan aldus in die notule aangeteken word: Met dien verstande egter dat die voorsitter enige teenstem waaraan 'n onbehoorlike motief toegeskryf kan word, kan afkeur vir aantekening in die notule. Die beslissing van die voorsitter in hierdie verband kan aan die vergadering vir goedkeuring of andersins opgedra word indien enige raadslid nie met die voorsitter saamstem nie.

### 14.1 *Lede moet staan en praat:*

Geen lid (uitgesonderd vroueledes) wat by 'n raadsvergadering aanwesig is, mag 'n hoed of 'n ander soort hoofbedekking dra nie. Alle lede moet staan en praat en moet die voorsitter aanspreek.

## 15. **BESPREKING MOET TER SAKE WEES:**

15.1 'n Spreker moet hom stiptelik by die saak onder behandeling of by die verduideliking of 'n punt van orde bepaal en geen bespreking of debat moet toegelaat word wat enige saak op die agenda vooruitloop nie. Met betrekking tot aangeleenthede wat vir die inligting van die Raad voorgelê word, mag daar slegs kommentaar gelewer word en word geen verdere bespreking toegelaat nie.

## 16. **DIE VOORSITTER:**

16.1 Die voorsitter geniet voorrang. Indien die voorsitter gedurende die debat opstaan, moet enige lid wat aan die woord is of wil praat gaan sit en die Raad moet die swye bewaar sodat die voorsitter ongehinderd aangehoor kan word.

### 16.2 *Ontoepaslikheid, herhaling en wanorde:*

Die voorsitter moet die aandag van die Raad vestig op herhaalde ontoepaslikheid, vervelige herhaling, onbetaamlike taal en enige versteuring van die orde deur 'n lid en moet so 'n lid indien hy praat, gelas om sy toespraak te staak of om hom, indien hy voortgaan om die gesag van die voorsitter te minag, vir die res van die sitting te verwyder, of te laat verwyder.

### 16.3 *Voorsitter kan lede laat verwyder:*

Indien 'n lid nie gevolg gee aan die opdrag van die voorsitter, wat ingevolge subreël 16.2 gegee is nie, kan die voorsitter hom versoek om dadelik die vergadering te verlaat en indien hy dit nie doen nie, kan die voorsitter stappe doen wat redelikerwys vereis word om te voorkom dat 'n lid weer na die vergadering terugkeer.

Voting shall normally be by show of hands and the results thereof shall be announced by the chairman.

### 13.2 *Division:*

Should any member question the resolution obtained by the show of hands, the chairman shall request all members in favour of the motion voted upon, to rise from their seats. After having recorded their names, the chairman shall request all opposing members to rise. After having recorded their names, the chairman announces who has voted in favour of the motion and who against and whether the motion has been carried or rejected.

### 13.3 *Ballot:*

Should any member insist, voting shall be by secret ballot. Voting shall be checked and counted by the chairman and the result announced by him.

### 13.4 *Casting vote:*

In the event of an equality of votes the chairman of the meeting shall have a second or casting vote.

### 13.5 *Minuting of dissentient votes:*

Any councillor who voted in favour of a motion which was defeated has the right to request immediately that his vote against the motion be recorded in the minutes and such dissentient vote shall be recorded in the minutes accordingly: Provided however, that the chairman may refuse to have such dissentient recorded if an improper motive can be attributed to it.

The ruling of the chairman in this respect may be submitted to the meeting for endorsement should any councillor not agree with the chairman.

### 14.1 *Members to stand while speaking:*

No member (except female members) attending a council meeting shall wear a hat or other headgear. All members shall stand whilst addressing the chairman.

## 15. **DISCUSSIONS TO BE TO THE POINT:**

15.1 Any speaker shall confine himself strictly to the matter under discussion or to the explanation of a point of order and no discussion or debate anticipating any matter on the agenda shall be allowed. Matters referred to the Council for information, may only be commented upon but further discussion thereof shall not be permitted.

## 16. **CHAIRMAN:**

16.1 The chairman shall have precedence. Whenever the chairman rises during the course of a debate any member speaking or about to speak shall sit down and silence shall prevail so that the chairman shall be heard uninterrupted.

### 16.2 *Irrelevancy, repetitions and disorder:*

The chairman shall direct the attention of the Council to continuous irrelevancies, tiresome repetitions, unseemly language or any other disturbance of the order by a member, and such member shall, if he is speaking, be ordered to stop his speech or if he continues in contempt of the authority of the chairman, be removed or caused to be removed for the remainder of the meeting.

### 16.3 *Chairman may have members removed:*

If a member fails to carry out any order of the chairman, given in terms of subrule 16.2, the chairman may request such member to leave the meeting without delay and if such member fails to comply with this request, the chairman may take such steps as may reasonably be required to prevent the return of such member to the meeting.



**17. LENTH OF SPEECHES:**

17.1 No speech shall be longer than ten minutes: Provided that in special cases the chairman may, with the approval of the Council, permit that a speech be continued for a further period of ten minutes.

**17.2 Langer tyd vir verslag:**

Die Raad kan die bepalings van subreël 17.1 ter syde stel met betrekking tot 'n verklaring wat die voorsitter of 'n ander lid van die Bestuurskomitee met die Raad se toestemming doen wanneer hy voorstel dat 'n deel van die verslag van daardie komitee behandel word.

**17. DUUR VAN TOESPRAKE:**

17.1 'n Toespraak mag nie langer as tien minute duur nie: Met dien verstande dat die voorsitter in spesiale gevalle waar die Raad hom toelaat, kan toelaat dat dit nog tien minute langer kan duur.

**17.2 Extension of discussion of reports:**

The Council may suspend the provisions of subrule 17.1 regarding a statement, made with the consent of the Council, by the chairman or any other member of the Management Committee, to the effect that a section of the report of such committee be considered.

**18. SKORSING VAN LEDE:**

18.1 Die voorsitter het die reg om, onderhewig aan die bepalings van hierdie reglement, enige raadslid wat opsetlik die gesag van die voorsitter verontagsaam of wat die werksaamhede van die Raad belemmer, te skors of van enige vergadering van die Raad uit te sluit.

18.2 Enige raadslid het die reg om die voorsitter te versoek om skorsing op 'n lid toe te pas ingevolge die voorgaande subreël en indien hy die stem van die meerderheid van die Raad geniet, moet die voorsitter sy redes verstrek indien hy nie daaraan voldoen nie.

**18. SUSPENSION OF MEMBERS:**

18.1 Subject to the provision of these rules of order, the chairman shall have the right to suspend or exclude from any meeting of the Council, any councillor who willfully disregards the authority of the chairman or who handicaps the Council in its activities.

18.2 Any member has the right to request the chairman to suspend a member in terms of the preceding subrule and if such motion is supported by the majority of the Council, the chairman shall submit reasons if effect is not being given to such motion.

**19. LEDE MAG NET EEN MAAL PRAAT:**

19.1 Geen lid mag die vergadering meer as een keer toespreek oor enige saak wat bespreek word nie. Die voorsteller van 'n oorspronklike mosie mag egter repliek lewer maar hy moet hom stiptelik by 'n antwoord aan vorige sprekers bepaal en mag nie nuwe sake te berde bring nie. Die voorsteller van 'n amendement wat, nadat dit aanvaar is, 'n substantiewe mosie word, mag nie repliek lewer nie: Met dien verstande dat die Raad die voorsitter of 'n ander lid van die Bestuurskomitee wat voorgestel het dat die komitee se verslag behandel moet word, kan toelaat om 'n verklaring ter verduideliking te doen voordat 'n bepaalde item wat daarin vervat is, oorweeg of bespreek word in antwoord op 'n bepaalde vraag.

**19. MEMBERS TO SPEAK ONCE ONLY:**

19.1 No member shall address the meeting more than once on any matter under discussion at such meeting. However, the mover of an original motion may reply, provided he confines himself strictly to the matters raised by previous speakers and raises no new matters. The mover of an amendment, which after its acceptance has become a substantive motion, may not reply: Provided that the Council may permit the chairman or any other member of the Management Committee who proposed that the committee's report be considered, to submit an explanation before any particular item contained therein is to be considered or to be discussed in reply to a particular question.

**20. PUNT VAN ORDE EN PERSOONLIKE VERDUIDELIKING.**

'n Lid, of hy nou al oor die saak onder bespreking gepraat het al dan nie, kan opstaan om 'n punt van orde te stel of om iets te verduidelik, maar sy verduideliking moet uitsluitlik handel oor die wesentlike inhoud van 'n vorige toespraak van hom wat moontlik verkeerd verstaan is. 'n Lid wat aldus opstaan, moet dadelik aan die orde gestel word.

**20. POINT OF ORDER AND PERSONAL EXPLANATION:**

